

# 7

## JOSEF

### God sien vooruit – Hy verander slegte dinge ten goede

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat God slegte dinge ten goede kan verander.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- God bring ons altyd weer by Hom uit.
- hoe belangrik dit is om God in alle omstandighede te vertrou.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet dankbaar wees dat ons God kan vertrou.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet kan vertel van 'n geleentheid toe God hul lewe koers gegee het.

#### **MEER INLIGTING (Genesis 37 en 41)**

Vroeg in Josef se lewe het hy reeds drome gedroom wat groot betekenis gehad het. Hy het twee drome gehad wat sy hele familie ontstel het. Albei drome het daarop gedui dat Josef oor sy broers sou heers. Dit was vir Josef se ouer broers onaanvaarbaar en dit het hulle kwaad gemaak. 'n Jonger broer heers nie oor 'n ouer broer nie. Op 'n dag toe Josef vir sy broers kos gevat het terwyl hulle in die veld vee opgepas het, het sy broers weer van voor af vir hom kwaad geword. Hulle het saamgesweer om hom dood te maak. Hul oudste broer oorreed hulle toe om hom eerder in 'n put te gooi sodat hy vanself kan doodgaan. Josef se broer wou hom gedurende die nag skelmpies uit die put uithaal en terugstuur huis toe. Hulle skeur toe sy kleed van sy lyf af en gooi hom in die put.

Intussen het daar handelaars verbygekom. Die broers gaan haal Josef uit die put uit en verkoop hom as 'n slaaf aan die handelaars. So raak hulle van hom ontslae. Maar toe het hulle 'n probleem. Wat gaan hulle vir hul pa sê as hulle sonder sy geliefde seun by die huis aankom? Hulle gryp toe 'n boklam en slag dit. Die bloed van die boklam smeer hulle aan Josef se kleed, sodat Jakob moes dink dat 'n wilde dier sy seun doodgemaak het. Jakob was baie hartseer.

Die handelaars het Josef verkoop aan Potifar, 'n belangrike amptenaar van die farao. Josef beland daarna onregverdig in die tronk. Daar het hy ander gevangenes se drome uitgelê. Later lê hy ook die farao se drome uit. Hy het vir die farao gesê dat daar eers sewe goeie jare sal wees waarin die mense goeie oeste sal hê, maar dat daar dan sewe jare van groot hongersnood kom.

Die farao haal Josef toe uit die tronk uit en maak hom onderkoning van Egipte. So het die Here vir Josef gebruik. Josef moes slim planne maak om gedurende die goeie jare reeds baie kos bymekaar te maak. Hy kon toe baie mense, ook sy eie familie, van 'n hongerdood red.

Josef het dus eers baie swaar gehad. Hy is in 'n put gegooi, as slaaf verkoop en het in die tronk beland. Uiteindelik gebruik die Here hom om sy broers, wat hom wou doodmaak, en sy hele familie en die res van die wêreld van 'n hongerdood te red. So het die Here al hierdie slegte dinge wat met Josef gebeur het, omskep in goeie dinge. God het die hele wêreld van hongersnood gered.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- 'n Potlood.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met gebed. Bid veral dat die Here elkeen van ons sal gebruik – nou, maar ook in die toekoms. Gee aan drie kinders die geleentheid om elkeen 'n vers van Gesang 528: 1, 2 en 3 voor te lees.

*Leer my u wil, Heer, u doel met my –  
U, Pottebakker, met my, die klei.  
Vorm my en maak my volgens u wil;  
op U vertrou ek, nederig stil.*

*Leer my u wil, Heer, u plan vir my;  
laat ek nie doelloos, nutteloos bly.  
Hou my erkentlik, Heer, in u werk:  
As ek dan swak is, maak U my sterk.*

*U gee u gawes net soos U wil;  
almal is diensbaar, elk met verskil.  
Vul met u Gees my, breekbare kruik,  
dat U my oral nuttig gebruik.*

## HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer of hulle –

- met hul ouers gesels het oor beloftes wat hul ouers aan die Here gemaak het en hoe hulle daarby gebly of nie gebly het nie. Laat enkele kinders lees wat hulle geskryf het.
- die volgende baasgeraak het: Wanneer ek met enigiemand kommunikeer, moet my *ja* altyd *ja* en my *nee* altyd *nee* wees. 'n Mens se woord is jou eer.
- die volgende teks ken: *Jakob het wakker geskrik en gesê: “Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie”* (Genesis 28: 16).
- die drie beloftes wat God aan Jakob gemaak het, kan onthou:
  - Die grond waarop hy nou slaap, sal eendag aan sy nageslag behoort.
  - Hy sal 'n groot nageslag hê.
  - Alle mense op aarde sal uiteindelik deur hom gelukkig wees.

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

Wys die prente van “God se droomleer” wat die kinders die vorige week gemaak het en gesels oor verskillende beloftes en dat God altyd sy beloftes nakom.

### IETS INTERESSANT

Gebruik die prente as aansluiting en MEER INLIGTING hierbo om die betekenis van die Josef-verhaal tuis te bring. Wys daarop dat die Here se belofte aan Josef se pa, Jakob, (*in jou en jou nageslag sal al die volke van die aarde geseën wees*) met Josef reeds waar begin word het toe hy baie mense van hongersnood gered het. Hierdie belofte is finaal bewaarheid toe Jesus, wat uit Jakob se nageslag gebore is, ons van ons sonde kom verlos het.

### IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer in en wys daarop dat God altyd sy beloftes hou.

- Josef het drome gedroom waarin hy oor sy broers sou heers.
- Daaroor het hulle hom gehaat.
- Hulle het hulle voorgeneem om hom dood te maak.
- Uiteindelik verkoop hulle hom as 'n slaaf.
- Josef het 'n slaaf in Egipte geword.
- Daar beland hy onregverdig in die tronk.
- In die tronk lê hy drome uit.
- Later lê hy ook die farao se drome uit.
- Die farao se drome het beteken dat daar sewe vrugbare en sewe droë jare sou kom.
- Die farao dink Josef is baie slim en maak hom onderkoning.
- In die sewe vrugbare jare het Josef baie koring gebêre vir die sewe droë jare.
- So het hy sy eie familie en die hele wêreld verlos van hongersnood.
- Uit Josef se familie het Jesus gekom en die hele mensdom vir ewig verlos van die dood.
- God se belofte aan Abraham en weer aan Jakob het waar geword.
- God kom sy beloftes na.

## IETS OM TE DOEN

- Laat hulle Genesis 37 lees en die blokkiesraaisel voltooi.

<sup>1</sup> J	A	K <sup>2</sup>	O	B <sup>3</sup>		<sup>4</sup> D	R	O	M <sup>5</sup>	E
O		O		U					O	
<sup>6</sup> S	O	N		I		<sup>7</sup> B		<sup>8</sup> P	U	T
E		I		<sup>9</sup> G	E	R	F		E	
F		N				O		<sup>10</sup> J		<sup>11</sup> L
	<sup>12</sup> E	G	I	P	T	E		U		E
						R		D		E
<sup>13</sup> R	U	B	E	N		<sup>14</sup> S	L	A	A	F


### Dwars

1. Wat was Josef se pa se naam? (37: 1 en 34)
4. Josef se ... en praatjies het sy broers minder van hom laat hou. (37: 8)
6. Hy het gedroom dat die ..., maan en elf sterre voor hom kom buig. (37: 9)
8. Josef se broers het hom in 'n droë ... gegooi. (37: 24)
9. Josef het gedroom dat sy broers se gerwe voor sy ... kom buig. (37: 7)
12. Josef is in ... aan Potifar verkoop. (37: 36)
13. ... wou vir Josef red en het sy broers gevra om hom nie dood te maak nie. (37: 21 en 22)
14. Josef sou as 'n ... in Potifar se huis werk. (39: 4)

### Af

1. Toe ... se broers sien hul pa is liewer vir hom as vir hulle, het hulle niks goed oor Josef gesê nie. (37: 4)
2. Sy broers het vir Josef gesê hy verbeel hom dat hy hul ... sal word. (37: 8)
3. Josef se pa het gevra of hy dink hulle moet voor hom kom ... (37: 10)
5. Josef se pa het sy klere met lang ... gemaak. (37: 3)
7. Josef se ... het sy klere in 'n boklam se bloed gedoop en dit vir hul pa gestuur. (37: 31 en 32)
10. Josef se broer ... het gesê hulle moet hom verkoop. (37: 26 en 27)
11. Jakob het gedink Josef ... nie meer nie en het lank oor hom getreur. (37: 33 en 34)

- Laat hulle by die prent in hul boeke die vrae oor hierdie prent beantwoord:
  - Skryf neer watter “geboue” jy in hierdie prent sien. (*Graansilo’s.*)
  - Aan wat laat dit jou dink as jy Josef in gedagte het? (*Josef het graan opgeberg tydens die sewe goeie jare in Egipte.*)
  - Aan wat laat dit jou dink as jy die Here se optrede in gedagte het? (*Die Here sien vooruit en weet wat ons nodig het.*)



## BY DIE HUIS

### Doen

Die kinders moet vir hul pa's en ma's gaan vra om vir hulle 'n voorbeeld te gee van 'n probleem wat in hul gesin 'n goeie uitkoms gehad het. Hulle moet dit neerskryf by EK HET GEDOEN EN KAN ONTHOU by die volgende les.

### Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Josef het drome gedroom waarin hy oor sy broers sou heers.
- Daaroor het hulle hom gehaat.
- Hulle het hulle voorgeneem om hom dood te maak.

- Uiteindelik verkoop hulle hom as 'n slaaf.
- Josef het 'n slaaf in Egipte geword.
- Daar beland hy onregverdig in die tronk.
- In die tronk lê hy drome uit.
- Later lê hy ook die farao se drome uit.
- Die farao se drome het beteken dat daar sewe vrugbare en sewe droë jare sou kom.
- Die farao dink Josef is baie slim en maak hom onderkoning.
- In die sewe vrugbare jare het Josef baie koring gebêre vir die sewe droë jare.
- So het hy sy eie familie en die hele wêreld verlos van hongersnood.
- Uit Josef se familie het Jesus gekom en die hele mensdom vir ewig verlos van die dood.
- God se belofte aan Abraham en weer aan Jakob het waar geword.
- God kom sy beloftes na.
- *Die farao het daarop vir Josef gesê: “God het jou dit alles bekend gemaak. Daaruit is dit duidelik dat niemand soveel verstand en wysheid as jy het nie.” (Genesis 41: 39)*

### **AFSLUITING**

Vra een van die kinders om vir die Here dankie te sê vir die manier waarop Hy vir ons sorg.